Les 2a - Openabaring 2: 1 - 17

Aan die gemeente in Efese

21 “Skryf aan die boodskappera van die •gemeente in Efese:b “Dit sê Hy wat die sewe sterre* in sy regterhandc hou, en wat tussen die sewe goue kandelare rondbeweeg, 2 “ ‘Ek ken jou dade,* jou inspanning en volharding, en weet dat jy slegte mense nie kan verdra nie. Daarom het jy daardie mense wat sê dat hulle •apostels is, maar nie is nie, getoets,* en hulle as leuenaars uitgewys. 3 Verder hou jy aan om te volhard, en het jy ter wille van my Naam baie verduur, sonder om moeg te word. 4 Maar Ek hou dit teen jou dat jy jou eerste liefde versaak het. 5 Onthou dan waarvandaan jy uitgesak het, en bekeer* jou: Gaan doen weer wat jy vroeër gedoen het. Anders, as jy nie tot bekering kom nie, sal Ek na jou toe kom, en jou kandelaar van sy staanplek af verwyder. 6 Maar dít tel in jou guns: Jy haat die dade van die Nikolaïete,d wat Ek ook haat.* 7 “ ‘Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan wie oorwin, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe* wat in God se paradys* staan.’ ”

Aan die gemeente in Smirna

8 “Skryf ook aan die boodskapper van die •gemeente in Smirna:e “Dit sê die Eerste en die Laaste,f wat dood was, maar lewend geword het, 9 “ ‘Ek ken jou verdrukking en jou armoede, maar tog is jy ryk.* Ek weet ook van die lastering deur diegene wat beweer dat hulle Jode is, en dit nie regtig is nie, maar 'n sinagoge van Satan.g* 10 Moenie vir enigiets wat jy nog gaan ly, bang wees nie. Kyk, die Duiwel gaan sommige van julle in die tronk laat gooi, sodat julle getoets kan word. Tien dae lank sal julle verdruk word.* Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal aan jou die oorwinnaarskrans van die lewe* gee. 11 “ ‘Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê. Wie oorwin, sal beslis nie deur die tweede dood* skade ly nie.’ ”

Bible Society of South Africa. Die Bybel 2020-vertaling (Hoofletteruitgawe) (Afrikaans Edition) (pp. 3928-3929). Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kindle Edition.

Die stad Efese

Saam met Smirna en Pergamum was Efese een van die drie grootste stede in Klein-Asie ty dens die Romeinse bewind. Dit was 'n hawestad met 'n kwartmiljoen inwoners en was gelee in die westlike deel van Klein-Asie waar die Kaisterrivier in die Egeiese See invloei. Die in-drukwekkende tempel van Artemis, opgerig ter ere van die godin Ar-temis, is beskou as een van die sewe wonders van die antieke wêreld.

Dit het 'n beslissende invloed op die algemene kultuurlewe van Efese uitgeoefen.

In 133 vC het Efese onder Romeinse bewind gekom, en met Pergamum begin wedywer om die hoofstad van die provinsie Asi te word tydens die bewind van keiser Augustus. Dit

was die grootste stad met lewendige handelsbetrekkinge omdat dit op drie groot roetes geleë was. In een stadium het die hawe toegespoel en versand, maar dit is weer oopgegrawe.
Efese het nie net op ekonomiese en administratiewe gebied uit-geblink nie, maar ook op godsdienstige gebied 'n rigtinggewende rol gespeel. Die tempel vir die vrugbaarheidsgodin Artemis (die Ro-meinse Diana; Hand 19:23-40) het duisende priesters, priesteresse en prostitute gehuisves. Hierdie tempel was vier keer groter as die be-kende Partenon in Atene. Die Artemiskultus was baie sterk aanwe-sig in Efese (Hand 19:23-24). Ook die keiserkultus het gedurende die bewind van keiser Domitianus gefloreer. Efese is selfs die “bewaker” an die keiserkultus genoem. Ook 'n tempel vir Domitianus is daar opgerig. Handelinge 19:19-20 vertel van 'n intense belangstelling in die toorkunste. Ook die Joodse bevolking was 'n faktor waarmee die Christene altyd rekening moes hou. Josefus skryf dat sommige Jode selfs Romeinse burgerskap verkry het (Antiquitates 13:3).
Die Christelike gemeente in Efese is gestig deur Priscilla en Akwi-la, wat in 52 nC deur Paulus in Efese agtergelaat is. Apollos het hulle fluks gehelp (Hand 18:18-25). Volgens Handelinge 19:10 het Paulus self 'n paar jaar in Efese gebly en dit as sentrum gebruik van waar hy die evangelie in die westelike deel van Klein-Asie kon verkondig.
Vals leraars het egter die gemente ingesypel en die Christelike bood-skap verdraai (Ef 4:14; 1 en 2 Tim; 1 Joh 2:18 ev; 4:1 ev). Die dinamiese en veranderende stadskultus van Efese het groot eise gestel aan die Christelike gemeente ten opsigte van hulle belydenis en lewe. Maar dit het ook groot geleenthede aan hulle gebied. Dit was immers die plek waar Paulus die eerste brief aan die Korintiers geskryf het, en waar hy die "geopende deur" vir die evangelie aangetref het (1 Kor 16:8-9).
Daar word ook aanvaar dat die apostel Johannes sy laaste jare in Efese deurgebring het, en dat die Johannesevangelie en Johannesbriewe daar geskryf is.

Die stad Smirna

Die hawestad Smirna (die huidige Ismir) was ongeveer 56 km noord van Efese geleë, aan die Hermusrivier. Dit was 'n pragtige stad met die bynaam "Die eerste in Asië" , en het 'n bevolking van ongeveer 100 000 inwoners gehad. Volgens oorlewering is Homeros daar gebo-re. Tempels vir die godin Roma, die god Asklepius, keiser Augustus en keiser Tiberias, Zeus en Kubele het hierdie stad versier. Dit het ook 'n hoofsentrum van die keiserkultus geword. Tydens die Romeinse tyd-perk was Smirna 'n sentrum van goeie wyn, wetenskapsbeoefening en die mediese wetenskappe. Die opvallendste kenmerk van Smirna, vanuit 'n Christelike gemeente se hoek bekyk, was die groot Joodse bevolking. Hulle was die Christene nie altyd goedgesind nie. Om die aandag van hulle eie aktiwiteite af te lei het die Jode die Christene beskinder en by die Romeinse owerheid verraai. Tydens die tagtigerjare na Christus is die Christene as ketters gebrandmerk omdat hulle jesus as die Messias bely het, en daarom is hulle uit die sinagoges geban. Dit het groot spanning tussen Christene en Jode in Smirna veroorsaak.
Die gemeente in Smirna is gestig deur óf Joodse pinkstergangers wat teruggekeer het óf Paulus tydens sy derde sendingreis toe hy van-uit Efese die omgewing bedien het (Hand 19).

Bronne

1. Jan du Rand, Die A-Z van Openbaring (eBoek): n Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring, Christelike Uitgewersmpy, 2007